

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Waaroor gaan die gedeelte ?
2. Het jy al gevoel jy weet nie hoe om iets te doen nie?
3. Dink jy daar is ander mense wat so voel?
4. Wat het jy gedoen?



Dinsdag

1. Wat veroorsaak gewoonlik die gevoel?
2. Hoe kan ons dit hanteer?
3. Met wie kan jy praat as jy so voel?
4. Hoe kan God jou help in die tyd?



Woensdag

1. Wat gaan gebeur as ons dit nie met iemand bespreek nie?
2. Weet jy van n maatjie wat so voel?
3. Wat kan jy doen vir hom?
4. Dink jy jy kan help?



Donderdag

1. Wat se redes het ons om aan te gaan?
2. Wat vra God van ons terwyl ons op aarde is?
3. Dink jy mamma en pappa wou al opgee?
4. Hoekom se jy so?



Wat dryf jou? Luk 4 : 1 - 13

- 1 Jesus het vol van die Heilige Gees van die Jordaan af teruggekom, en deur die Gees is Hy na die woestyn toe gelei,
- 2 waar Hy veertig dae lank deur die duivel versoek is. Die hele tyd het Hy niks geëet nie, sodat Hy aan die einde daarvan honger was.
- 3 Die duivel sê toe vir Hom: "As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dit moet brood word."
- 4 Maar Jesus antwoord hom: "Daar is geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie. "
- 5 Daarna bring die duivel Hom op 'n hoogte en wys Hom in 'n oogwink al die koninkryke van die wêreld.
- 6 Toe sê die duivel vir Hom: "Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil.
- 7 Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid."
- 8 Daarop antwoord Jesus: "Daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. "
- 9 Hierna neem die duivel Hom na Jerusalem toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan, en sê:
- 10 "As U die Seun van God is, spring hier af! Daar staan mos geskrywe: "Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm,
- 11 "en ook: "Op hulle hande sal hulle jou dra sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie. "
- 12 Maar Jesus antwoord hom: "Daar is gesê: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie. "
- 13 Nadat die duivel met al die versoekings klaar was, het hy Jesus 'n tyd lank met rus gelaat.



**Here, Help ons asb elke dag om nooit op te gee nie en
te weet U is by ons.**

AKTIVITEIT VIR DIE WEEK

